

SOUTH AFRICAN LIBRARIES

UNIVERSITY
OF MICHIGAN

JUL 15 1958

PERIODICAL
READING ROOM

The Report of the Commission on Undesirable Publications ;
memorandum to the Hon. the Minister of the Interior : 113

Enkele aspekte van leserkundige ondersoek in Suid-Afrika,
Prof. G. Cronjé: 116

Mr. M. M. Stirling : citation on the presentation of
an illuminated address : 122

Mr. Charles Christie : an appreciation : 125

Die opkoms van die Staatsbiblioteek en sy planne vir bevordering
van die Nederlandse boek,
Dr. G. W. Eybers: 127

Non-European library services in Pretoria,
Margaret Peters: 130

A plan for the development of scientific and technical library
services in South Africa, *Hazel Mews*: 134

Afrikaanse literatuur van die vierde kwartaal van 1957,
D. L. Ehlers: 137

Some recent South African books in English,
R. B. Zaaiman: 140

Library notes, news and correspondence : 126, 133

Published quarterly by the

SOUTH AFRICAN LIBRARY ASSOCIATION

Edited from the South African Library, Cape Town

Vol. 25

April 1958

No. 4

CEDRIC CHIVERS LTD.

BATH

ENGLAND

ESTABLISHED 1878



BOOKBINDERS & BOOKSELLERS

*to all the leading Libraries
in the World*



*Our bookbinding experience
over three-quarters of a century
is at your disposal*

SOUTH AFRICAN LIBRARIES

The Official Organ of the South African Library Association

Vol. 25

April 1958

No. 4

REPORT OF THE COMMISSION ON UNDESIRABLE PUBLICATIONS*

*Memorandum sent by the Council of the S.A. Library Association to the
Hon. the Minister of the Interior*

Sir,

After making a careful study of the Report of the Commission on Undesirable Publications in the Union of South Africa, we wish to place before you the following considered observations:

1. We appreciate, and strongly approve, the positive measures recommended by the Commission for the promotion of good reading (see chapters 12-22 entitled "Promotive measures"), and in particular the rôle assigned to libraries in this great and important task (see chapter 18 in particular).
2. We are of opinion that if all these promotive measures are vigorously applied – and in particular, the provision of adequate library services for the non-Europeans – it may be possible to solve to a large extent the problem of objectionable and harmful literature without resorting to an expensive and from many points of view undesirable internal censorship (see paras 6 to 11 below).
3. We suggest therefore that before legislation in support of the principle of restraining publications is introduced, these promotive measures should be given a trial, to gauge their cumulative effect on the quality of internal publications in particular.
4. After close and careful study of part 1, chapters 2-3 of the *Report* we are of opinion that, while the problem of dealing with "objectionable, obscene and harmful literature" is certainly a real one in South Africa, there is no need for legislation on internal censorship. For the extent of the problem, in relation to the total amount of reading done, has been unwittingly exaggerated by the Commission. Thus on examining the statistical analysis in Part 1 we find that cognizance has not been taken of the estimated 16 million "book-borrowings" per year from public libraries and library systems (*Municipal yearbook*, 1956-7, pp. 456-64); few of these books – if indeed any – can be fairly described as "obscene, objectionable or harmful". We note also that the percentage figures relating to internal publications are based on a partial output which excludes many works in fields other than imaginative literature, including many religious publications which can in no way be described as "undesirable" even under the

extremely broad definition arrived at by the Commission. In par. 3 : 3 the Commission states that during 1945-54, 13,219 titles were published in South Africa. The Commission examined only 3,582 titles published during the period 1947-54 (par. 3 : 4). It is clear, therefore, that the sample represented little more than a quarter of the total output. These two factors, among others, substantially detract from the value of this part of the Report, as a true total picture of the situation in South Africa. We also consider that insufficient weight has been given to the positive and promotive work already being done by interested bodies in this country.

5. Further, we believe that in quoting evidence from similar investigations overseas the Commission has given too much weight to the thesis that "undesirable" reading matter necessarily leads to increased crime, and not enough to an authoritative body of opinion which is not convinced by this thesis.
6. Even if, however, it be found that any need for legislation does exist in principle, we are seriously disturbed by a number of points relating to the machinery for meeting such a need. In the first place, and fundamental to the whole enquiry, is the question of *definition*. We feel that the norms proposed in section 2 of the Draft Bill (pp. 93 *et seq.*) cast the net far too wide to be practical without doing grave violence to the whole cause of literature in South Africa. For if all these norms were to be applied there would be scarcely a work that would justify its "exemption".
7. Furthermore, it is submitted that the approach of the Commission proceeds on an erroneous basis, namely, the decision of COCKBURN C. J. in the Hicklin case of 1868, without considering
 - (a) the way in which that decision has been qualified by more recent cases, such as *R. v. Martin Secker & Warburg* (1954) and
 - (b) the trends in one of the leading countries in the Western world, namely the United States of America, where the U.S. Supreme Court applies the test : "whether to the average person applying *contemporary* community standards the dominant theme of the material, taken as a whole, appeals to prurient interest."
8. Then there are questions of *procedure*. We would say at once that to our knowledge the apparatus recommended by the Commission exists in no other Western country save Eire. The draft Bill appears to be based largely on the Censorship of Publications Act, 1929, as amended, in Eire. The effect of such a system in that country has, in our opinion, neither solved the problem of "undesirable" literature, nor had any but an inhibiting effect on its own writers and publishers. In our view the application of a similar system in South Africa would have the disastrous effect both of inhibiting serious creative writing, particularly in Afrikaans, and of driving our best writers overseas. As librarians we are deeply concerned at this prospect, which we regard as being very real, and we urge that the Commission's recommendations be reconsidered in this light.
9. In particular these proposals are open to criticism on the following grounds :
 - (a) The Publications Board is an administrative body, and its functioning in lieu of the courts of law will have the effect of depriving the ordinary citizen of access to the courts. In our view access to the courts is a cornerstone of a truly democratic society, and it is not to be eroded by considerations such as the fact that court proceedings may be tardy, or that court decisions may present a lack of uniformity. For these criticisms of the judicial system apply in all spheres of life and not only to literature, and if they are to be admitted as justification for by-passing the courts where internal censorship is concerned, the precedent is established for by-passing the courts in other spheres of life.
 - (b) The holding of proceedings in camera will mean that they will be divorced from any contact with healthy public opinion, and without the exercise of healthy public opinion there will be no method of ascertaining the "contemporary community standards" referred to in par. 7(b) above.
10. We submit that the Report together with its Recommendations involves so much

REPORT OF THE COMMISSION ON UNDESIRABLE LITERATURE 115

curtailment of freedom that it must inevitably provoke a vast measure of criticism, if not censure, overseas. In this connection we would say that even in this country it has already been stated by *Die Burger* that the courts "should have the final say"; by *Die Vaderland*, "that much difference of opinion will arise on the concept of undesirability"; by *Dagbreek en Sondagnuus* that "censorship is a too dangerous road for a free country . . . however reluctantly taken"; by *Die Transvaler* that "the democrat - and what South African citizen is not one? - is jealous of his freedom"; and by *Die Weste* that "the least degree of freedom which must be demanded for the press is the absolute right to criticise the Government, political parties, sub-

ordinate legislative and administrative organs, and to correct them without the slightest danger of prosecution or suppression; provided that the bounds of decency and the public interest are kept."

11. Lastly, we are of opinion that the dangers of a system of censorship in which, as stated above, no provision is made for appeal to the courts of law, outweigh the dangers inherent even in the circulation of "undesirable" literature, and that the provision of a nominated Publications Appeal Board would in no way compensate for the loss of a civil right conferred by the rule of law, in this as in other civilized communities.

March, 1958.

* Report of the Commission of Enquiry in regard to undesirable publications. Pretoria Government Printer 1957. [U.G. 42 of 1957] Chairman: Prof. G. Cronje.

PRETORIA BOOKBINDERS RULERS & FINISHERS (PTY.) LTD.

LIBRARY BOOKBINDERS AND BOOKSELLERS

60 SCHOEMAN STREET - P. O. Box 2092 - PHONE 24188
PRETORIA

Specialists in Thesis, Library and Reference Bindings. Our prices for Full Cloth, Quarter Leather, Full Leather and Thesis bindings are the most economical in the Union for quality work.

PRICES ON APPLICATION

ENKELE ASPEKTE VAN LESERKUNDIGE ONDERSOEK IN SUID-AFRIKA¹

deur

Prof. GEOFFREY CRONJÉ

Universiteit van Pretoria

LESERKUNDIGE ONDERSOEK verkeer hier te lande nog maar in sy kinderskoene. Dit ly egter geen twyfel nie dat in die nabye toekoms veel daar-aan gedoen sal moet word indien Suid-Afrika wil verseker dat die geskrewe woord vir sy mense die groots moontlike voordeel sal hê en aan hulle so min moontlik skade sal berokken.

Met die oog op dit alles is dit in die eerste instansie noodsaaklik dat aandag geskenk sal word aan die metode van leserkundige onder-soeke. In hierdie rede sal die metodes wat deur die Kommissie van Ondersoek insake onge-wenste Publikasies aangewend is, kortliks in oënskou geneem word.

In die tweede plek is dit noodsaaklik om rekenkap te gee van die studiegebied van die leserkunde. Sosiologies beskou, kom dit my voor dat, afgesien van lektuurvoorsiening, -verspreiding en -bevordering, die hoo probleme van die leserkunde met die volgende drie vrae saamhang :

1. Wat is daar om te lees ?
2. Wat word gelees ?
3. Wie lees wat ?

In hierdie rede sal dan nagegaan word of en in hoeverre die bevindings van die Kommissie iets tot die beantwoording van hierdie vrae kan bydra. Dit is dan egter nodig om daarop te wys dat die ondersoek wat ingestel is, soveel moontlik beperk en so gou moontlik afgehandel moes word. Nietemin handel byna die helfte van die Verslag oor die aard van die vraagstuk, veral in Suid-Afrika, terwyl enersyds aan be-heermaatreëls en andersyds aan bevorderings-maatreëls min of meer ewevel ruimte bestee word; die een is trouens ook nie minder belangrik as die ander nie.

Ten einde 'n duidelike beeld van die aard

van die vraagstuk hier te lande te verkry, het die Kommissie ses besondere ondersoek ingestel wat van leserkundige aard is, nl. in verband met : boeke ; tydskrifte ; koerante ; sirkulasiesyfers van tydskrifte en koerante ; leser van tydskrifte en koerante ; en leestof en illustrasies by die Bantoe in Pretoria.

Die ondersoek in verband met boeke

Hierdie ondersoek het betrekking gehad op die boeke wat gedurende die twintig jaar, 1935 tot 1954, in Suid-Afrika uitgegee is. Uit die aard van die saak was dit nie moontlik en buitendien ook nie nodig of gewens om al die boeke in die ondersoek in te sluit nie. Die eerste taak was dan ook om die studiegebied af te baken. Dit is gedoen deur alle wetenskap-like, tegniese, skool-, godsdienstige, politieke, munisipale, staats-, e.d. publikasies en ook alle herdrukke uit te sluit. Die ondersoek het dan in hoofsaak gehandel oor literêre boeke (ruim opgevat) en oor populêr-wetenskaplike werke.

Die tweede taak was om die boeke wat bestudeer sou word, te klassifiseer met die oog op die opstelling van lyste vir elk van die twintig jare onder beskouing. Vir elke jaar is vier hooflyste opgestel : oorspronklik Afrikaans; oorspronklik Engels; vertaal in Afrikaans; en vertaal in Engels.

Elke hooflyst het uit vier groepe bestaan : (a) Romans en verhale ; (b) Verse ; (c) Toneel, en (d) Ander werke ; terwyl elke groep drie onder-

¹ Uittreksels uit 'n feesrede uitgespreek ter geleentheid van die Twealfde Jaarlikse Konferensie van die S.-A. Biblioteekvereniging, Pretoria, 30 September 1957.

afdelings gehad het: vir volwassenes; vir jeugdiges; en vir kinders.

Die derde taak was dan om die lyste opgestel te kry. Dit is gedaan deur die Transvaalse Proviniale Biblioteek-organiseerder aan die hand van die jaarlikse outeursreglyste van die Staatsbiblioteek, Pretoria, terwyl by wyse van kontrole ook gebruik gemaak is van die Transvaalse Proviniale Biblioteek se eie katalogus, van die *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* en van Nienaber se *Bibliografie van Afrikaanse Boeke*. Die uiteindelike lyste het 3,746 Afrikaanse en 784 Engelse titels bevat wat dan vanselfsprekend nie die totale boekproduksie vir die twintig jaar verteenwoordig nie.

Die vierde taak was om die boeke te laat beoordeel. Met die oog daarop het die Kommissie 'n geskoonde letterkundige vir 'n jaar voltyds in diens gehad en daarbenewens is die medewerking verkry van 'n aantal bevoegde beoordelaars wat gedurig oorleg met mekaar gepleeg het. Daar is besluit om alle boeke in drie klasse te verdeel: gangbaar tot goed; minderwaardig; en ongewens, terwyl in die geval van die Afrikaanse romans en verhale vir volwassenes die klas *gangbaar tot goed* verdeel is in *letterkundig goed* en *gangbaar*. Die beoordeling het geskied aan die hand van norme wat vooraf bepaal en getoets is.

Die vyfde taak was dan die verwerking en vertolking van die gegewens. In hierdie verband is die medewerking verkry van 'n statistikus en van enkele letterkundiges. Die twintig jaar onder beskouing is in vyf tydperke van vier jaar elk verdeel en die gegewens is ontleed volgens leesgroepe (volwassenes, jeugdiges, kinders) en volgens soorte leestof (romans en verhale, toneel, ander werke).

Jeugboeke

Van die 3,746 Afrikaanse boeke wat bestudeer is, was 402 (10·7%) jeugboeke, terwyl daar onder die 784 Engelse titels 15 (1·9%) jeugboeke voorgekom het. Gedurende die 20 jaar is gemiddeld 20 Afrikaanse jeugboeke per jaar uitgegee terwyl gemiddeld nie eens 1 Engelse jeugboek per jaar die lig gesien het nie. Die produksie van binnelandse jeugboeke is dus skraal in Afrikaans en onbeduidend in Engels. Onmiddellik ontstaan die vraag: Wat is daar vir ons jeug om te lees en wat lees hulle? Dit is wel waar dat ons jeug, veral die Engels-

sprekende gedeelte daarvan, hulle tot die ingevoerde jeuglektuur in Engels kan wend, maar behoort die leestof van ons jeug nie, ten minste vir 'n groot gedeelte, deur ons eie gemeenskap voortgebring te word nie? Kan dit met reg gesê word dat die publikasie van jeugboeke 'n riskante onderneming is omdat die jeug hulle wend tot leestof wat vir volwassenes bedoel is? Is dit nie dalk ook moontlik dat die jeug die "volwasse" leestof verslind omdat daar nie vir hulle genoeg geskikte en aantreklike jeuglektuur bestaan nie? Moet die vraag nie ook gestel word of ons jeug nie dalk reeds vir 'n groot gedeelte die prooi geword het nie van die minderwaardige en ten dele ongewenste binnelandse en ingevoerde leestof wat by duisende verkooppunte te koop aangebied word? Slaag die huisgesin en die skool daarin om by die jeug goeie leesgewoontes aan te kweek? Werk die studie van die voorgeskrewe boek liefde of afkeer vir goeie letterkunde in die hand? So kan voortgegaan word om vrae te stel waardeur die leserkundige probleme in verband met ons jeug aangedui kan word.

Kinderboeke

Van die 3,746 bestudeerde Afrikaanse titels was 1,069 (28·5%) kinderboeke, terwyl onder die 784 Engelse titels 95 (12·1%) kinderboeke voorgekom het. Die gemiddelde getal kinderboeke per jaar was dus sowat 53 in Afrikaans en 5 in Engels. Met die publikasie van kinderboeke is dit dus in Suid-Afrika veel beter gesteld as met die produksie van jeugboeke. Nietemin kom ons weer voor die vraag te staan: wat is daar vir ons kinders om te lees en wat lees hulle? Ook al word talle Engelse kinderboeke uit die buiteland bekom, lê dit nogtans voor die hand dat die publikasie van Engelse kinderboeke in hierdie land ernstige aandag dien te geniet. Genoeg kinderboeke moet vanselfsprekend in elke gemeenskap van die allergrootste belang geag word. Die grondslag van die leesgewoontes van ons mense word in 'n groot mate gedurende die kindjare gevorm. Die miljoene eksemplare van ingevoerde (en meestal minderwaardige) prentverhale wat elke jaar in hierdie land versprei word, word vir die oorgrote gedeelte deur kinders gelees. Is dit bevorderlik vir die vorming van goeie leesgewoontes en vir die ontwikkeling van 'n breë belangstelling by ons kinders?

Klaarblyklik moet die leserkundige probleme wat in verband met ons kinders bestaan, ernstige aandag geniet.

Engelse boeke

In die bestudeerde Engelse boeke het ongewenstheid en minderwaardigheid slegs in geringe mate voorgekom. Dit moet waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daardie soorte boeke in Engels in die buiteland met sulke groot oplae verskyn en hier teen sulke lae pryse aangebied word dat dit nie lonend is om hulle hier uit te gee nie.

Afrikaanse boeke

Van die 3,746 Afrikaanse titels wat beoordeel is, was 72 (1·9%) ongewens. Hiervan was een 'n kinderboek terwyl die ander 71 vir volwassenes bedoel is, d.w.s. 3·1% van die 2,275 boeke vir volwassenes. Van die 71 ongewenste boeke vir volwassenes was 65 romans en verhale, d.i. 3·8% van die 1,712 romans en verhale vir volwassenes. Die gevoltagekking lê dan voor die hand dat die probleem van ongewenstheid in Afrikaanse boeke by uitstek geleë is in romans en verhale vir volwassenes.

Aangesien die toename van sowel ongewenste as minderwaardige Afrikaanse romans geblyk het snel te wees, het die vraag ontstaan hoedanig die verloop van sake ten aansien van die goeie en gangbare romans was. Om die vraag te beantwoord, is die *oorspronklike* Afrikaanse romans vir volwassenes in drie groeppe verdeel: letterkundig goed, gangbaar en minderwaardig (ongewens ingesluit), en 'n persentasieverdeling goed-gangbaar-minderwaardig is gemaak. Dit het toe geblyk dat die persentasie aandeel van goeie romans gedaal het van 34·2 in 1935-8 tot 4·3 in 1951-4, terwyl die van minderwaardige romans gestyg het van 2·6 in die eerste tot 26·8 in die laaste tydperk en van gangbare romans min of meer konstant gebly en tussen ongeveer 63-73 gewissel het.

Dit blyk dat die gemiddelde getal eksemplare wat aan die publiek verkoop is, nagenoeg twee keer so groot is in die geval van die minderwaardige en ongewenste as in die geval van die goeie en gangbare romans. Dit is dus duidelik dat by 'n groot deel van die publiek minderwaardige leesstof byval vind en dat die goeie en gangbare roman veel minder aftrek kry.

Verspreiding deur die handel

Die vraag kan ten slotte gestel word hoeveel boeke in 'n bepaalde jaar deur die handel versprei word. Die Kommissie het geskat dat in 1954, wat (minderwaardige en ten dele ongewenste) ingevoerde slapbankboeke betref, minstens 6,000,000 eksemplare in die Unie versprei is. Daarbenewens is in dieselfde jaar minstens 7,000,000 eksemplare van (meestal minderwaardige) ingevoerde prentverhale versprei, minstens 2,000,000 eksemplare van goeie en gangbare ingevoerde boeke wat behoort tot die klasse wat deur die Kommissie bestudeer is, en sowat 1,250,000 eksemplare van binne-landse Afrikaanse en Engelse boeke behorende tot dieselfde klasse, d.w.s. 'n totaal van minstens 16,250,000 eksemplare van buite- en binne-landse boeke waarvan verreweg die meeste minderwaardig was. Dit is natuurlik nie die totale getal boeke wat in daardie jaar versprei is nie. Na alle waarskynlikheid kan die totale getal boeke wat in 1954 in die Unie deur die handel versprei is, gestel word op sowat 20,000,000 eksemplare wat as my eie skatting beskou moet word. Die feit bly selfs dan nog staan dat die meeste van hierdie eksemplare dié van minderwaardige publikasies was.

Nou kan uit leserkundige oogpunt verskilende vrae gestel word, by voorbeeld: Waarom wend 'n groot deel van die lesende publiek hulle tot minderwaardige boeke? Voorsien daar die soort boeke in 'n wesenlike behoeftie of is die vraag na hulle op 'n „kunsmatige” wyse geskep, bv. deur die Unie se verspreidingsstelsel wat geskoei is op die lees van die V.S.A. en Kanada? In watter mate, indien wel, het die verspreiding van minderwaardige ingevoerde boeke die publikasie van dergelike boeke in die Unie in die hand gewerk? Watter uitwerking het die verspreiding van soveel minderwaardige boeke op die smaak van die lesende publiek? Is dit beter dat 'n deel van die publiek minderwaardige boeke lees as dat hulle glad niks lees nie? Is die behoeftie aan minderwaardige boeke 'n „normale”, verbygaande fase in die lewe van die mens en kan met reg gesê word dat hy in daardie fase ten minste leer lees en hom dan later tot beter leesstof sal wend? Sal die deel van die publiek wat tans minderwaardige lektuur verkies, vanself beter boeke lees as die minderwaardiges nie te koop aangebied word nie? Watter rol speel die prys van boeke, d.w.s. word minderwaardige boeke meer gelees omdat hulle goedkoper is?

Ensovoorts. Al hierdie en dergelike vrae wag op beantwoording en dit is alleen deur diepgaande leserkundige ondersoek dat afdoende antwoorde gegee sal kan word.

Boekverspreiding deur Biblioteke

Natuurlik moet ook daarmee rekening gehou word dat elke jaar miljoene boeke deur ander kanale as die handel versprei word, met name deur biblioteke. Dit kan gerus aangeneem word dat minderwaardige boeke in die verband nie 'n groot rol speel nie maar die vraag ontstaan dan weer of en in hoeverre ons biblioteke daarin slaag om die lees van minderwaardige boeke teen te gaan. Ek sou dit nie wou waag om hierdie vraag te probeer beantwoord nie, maar ek kan tog wel sê dat te midde van alles wat sorgwekkend is wat betref die posisie van die boek in Suid-Afrika die prysenswaardige werk wat ons biblioteke doen (en waarvan ek die afgelope paar jaar meer as tevore bewus geword het) deur ons gemeenskap nie hoog genoeg waardeer kan word nie. Bibliotekaris is nie alleen kenners nie; hulle is ook idealiste wat kultuurwerk van onskatbare waarde verrig. En dit is sekerlik nie onvanpas dat die werk van sulke idealiste by tye geloof sal word nie.

Die ondersoek in verband met tydskrifte

Hierdie ondersoek het betrekking gehad op binnelandse tydskrifte van 'n algemene aard en het oor 'n tydperk van 20 jaar gestrek. Die ontleiding van die inhoud van die tydskrifte het geskied aan die hand van 'n steekproef wat in oorleg met 'n statistikus saamgestel is. Die steekproef het bestaan uit 506 uitgawes van weeklike tydskrifte, 181 uitgawes van maandblaaie vir blankes en 58 uitgawes van maandblaaie vir nie-blankes.

Enkele bevindings na aanleiding van hierdie ondersoek sal kortliks behandel word.

In die weeklike tydskrifte het van 1935 tot 1946 geen ongewenste verhale of artikels voorgekom nie maar die voorkoms van ongewenste verhale en artikels tesame per 100 uitgawes was 3·5 in 1947-50 en 3·8 in 1951-4.

Hoewel met sekere skommelings het ongewenstheid in die inhoud van die *maandblaaie* (vir blankes en vir nie-blankes) toegeneem.

Die binnelandse tydskrifte is nie uit die

oogpunt van minderwaardigheid beoordeel nie maar dit is tog moontlik om op grond van sekere indrukke wat by die bestudering van die betrokke tydskrifte verkry is, enkele opmerkings te maak.

In die eerste plek word gekonstateer dat die inhoud van sekere tydskrifte, meer bepaald sekere maandblaaie, minderwaardig is in soverre hulle nie ongewens is nie, afgesien daarvan dat elke ongewenste verhaal en artikel wat teëgekom is, ook minderwaardig was. Sonder voorbehoud word die bevinding gestel dat die algemene inhoud van die tydskrifte wat ongewens is, ook minderwaardig is, net soos in die geval van boeke bevind is.

In die tweede plek is dit opvallend dat sekere goede weeklike tydskrifte heelwat gedaanteverandering ondergaan het. Hul algemene inhoud het met verloop van jare al „ligter“ en al „populêrder“ (in die reël al hoe swakker) geword en wel blybaar omdat hulle rekening moes hou met die mededinging van die minderwaardige maandblaaie. Hierdie eersgenoemde tydskrifte het darem nie minderwaardig geword nie. Die vraag ontstaan nou wat die omvang van die tydskriffeesstof in Suid-Afrika is in terme van die getal eksemplare.

Die Kommissie het geskat dat in 1954 minstens 23,000,000 eksemplare van buitelandse tydskrifte van 'n algemene aard in die Unie ingevoer is. Indien alles in berekening gebring sou kan word, sal dit my geensins verbaas as in 1954 en 1955 (in elk van hierdie jare) sowat 100 000,000 tydskriffeesstof vir ons land. Stel daarnaas die deur my geskatte 20,000,000 eksemplare van boeke wat in 1954 deur die handel hier te lande versprei is, dan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat vir elke eksemplaar van 'n boek wat die handel versprei het, 5 tydskriffeesstof vir die publiek besorg is.

Nou ontstaan die vraag nogeens of op grond van hierdie skattings gekonstateer kan word dat die Unie 'n by uitstek tydskriffeesende publiek het en dat dit derhalwe met die posisie van die boek hier nie juis gunstig gesteld is nie. Vir my kom dit voor of dit werkelik die geval is en of die boek hier te lande 'n groot agterstand het in vergelyking met die tydskrif. Is dit daaraan toe te skryf dat die boekhandel as bedryf in die Unie soveel swakker ontwikkel is as bv. in sekere Wes-Europese lande en veel

swakker selfs as in die Skandinawiese lande met hul klein bevolking? Of het boeke in Suid-Afrika 'n klein leserpubliek omdat ons so betreklik min boekhandels het?

In elk geval moet dit duidelik wees dat die posisie van die boeke in vergelyking met die van die tydskrif in ons land diepgaande ondersoek verg. As die boek van sy leserpubliek aan die tydskrif moet afstaan of reeds afgestaan het, kan dit vir die kulturele lewv van die gemeenskap ernstige gevare inhoud. Die boek is die geskrewe woord in 'n blywender vorm as die tydskrif en vanselfsprekend ook as die koerante wat 'n kortstondige bestaan het.

Sirkulasiesyfers van tydskrifte en koerante

Die Kommissie het 'n ontleding gemaak van die sirkulasiesyfers van tydskrifte en koerante. In hierdie bespreking word slegs na dié vir tydskrifte verwys.

Indien die syfers bestudeer word, kom aan die lig dat min of meer gelyktydig met die nuwe (meestal minderwaardige) maandblaas, die sirkulasiesyfers vir die ouere weeklike tydskrifte opvallend begin daal het. Dit is nodig om te bepaal of hierdie daling daarvan toegeskryf moet word dat die „ouere“ tydskrifte mededinging van die nuwes ondervind het.

Ongetwyfeld is in die Unie sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog meer as tevore gelees. Enersyds bestaan in hierdie verband die moontlikheid dat die publiek wat vroeër reeds gereeld gelees het, nou meer begin lees het, en andersyds moet rekening gehou word met die moontlikheid dat die lesende publiek groter geword het, d.w.s. dat 'n deel van die gemeenskap wat tevore nie huis gelees het nie, nou deel van die leserpubliek geword het. Dit lyk asof die verskynsel dat in die jongste jare in toenemende mate gelees is, veral daaraan toegeskryf moet word dat 'n „nuwe“ of bykomende leserpubliek te voorskyn getree het.

Vervolgens kom ons by die vraag of tans meer boeke en meer tydskrifte of meer boeke of meer tydskrifte gelees word. Waarskynlik word nou meer boeke en meer tydskrifte gelees. In elk geval het die leserpubliek groter geword wat die binnelandse tydskrifte betref. Die getal eksemplare van ons eie tydskrifte van 'n algemene aard het toegeneem van 11,000,000 in 1945 tot 33,000,000 in 1955.

Die lezers van tydskrifte en koerante

Die gegewens waaruit die berekening gemaak kon word, is verkry uit „Franklin Research (Pty) Limited“ se *Readership Survey*, no. 7 van Februarie-Maart 1955.

1. Soos te wagte is, word Afrikaanse tydskrifte veral deur Afrikaanssprekendes en Engelse tydskrifte by uitstek deur Engels-sprekendes gelees. Dit blyk egter ook dat Afrikaanssprekendes in 'n groter mate Engelse tydskrifte lees as wat Engelssprekendes aandag aan Afrikaanse tydskrifte sken.

2. Afgesien van vrouetyldekskifte kan nie gesê word dat tydskrifte van 'n algemene aard meer deur die een as deur die ander geslag gelees word nie.

3. Die gegewens dui daarop dat onder die Afrikaanssprekendes die „ouere“ persone (ouer as 34 jaar) in mindere mate as die „jongeres“ tydskrifte lees. Verder laat die gegewens die vermoede posvat dat die „ouere“ Engels-sprekendes meer tydskrifte lees as die „ouere“ Afrikaanssprekendes. Op grond van hierdie gegewens lyk dit ook waarskynlik dat die „nuwe“ Afrikaanse leserpubliek veral uit „jongere“ persone bestaan.

4. Van die gegewens kan aangelei word dat ongewenste (en minderwaardige) Engelse en Afrikaanse tydskrifte veral by persone uit die „jongere“ leeftydsgroep byval vind. Hierdie gevolgtrekking maak die probleem van ongewenstheid en minderwaardigheid in binnelandse tydskrifte des te sorgwekkender omdat die skadelike invloed van hierdie soort leesstof op die „jongere“ leser verrekender gevolge as op die „oueres“ kan hê.

Toekomstige leserkundige ondersoek

Die leserkundige ondersoek wat die Kommissie ingestel het, moet as aanvoorwerk beskou word. Sy bevindings kan egter van belang wees vir die beantwoording van die eerste twee van die drie leserkundige vrae wat ek by die aanvang gestel het, nl.: Wat is daar om te lees? en: Wat word gelees?

Die bevindings kan die derde vraag (nl.: Wie lees wat?) slegs in 'n mate beantwoord en wel wat binnelandse tydskrifte en koerante betref.

Veel meer leserkundige ondersoek sal nog ingestel moet word. Dit lê voor die hand. Die biblioteke sal in hierdie oopsig 'n groot bydrae

kan lewer. Ek wil net 'n voorbeeld noem van ondersoek wat hulle kan onderneem in verband met die derde en baie belangrike vraag.

'n Steekproef kan geneem word van biblioteke wat vir 'n bepaalde tydperk sekere gegewens van hulle leners sal verkry. Benewens besonderhede oor wat hulle leen en andersins te lees kry, kan bv. opgeteken word hul ras,

ouderdom, geslag, onderwyspeil, woonadres, beroep e.d.m. Die gegewens kan op 'n sentrale plek verwerk word en 'n komitee kan aangestel word om die gegewens te vertolk en die verslag op te stel. Geldelike staatsteun behoort vir so 'n ondersoek verkry te word. Is dit nie ondersoek wat dadelik aangepak kan word nie? Dit sal die moeite loon.

NO FURTHER TREK

By P. V. Pistorius

A powerfully written book to be read by all thinking South Africans. An appeal to the people to choose between country or ideological and racial groups; to rid themselves of fear and hatred, thereby learning to live together in peace and harmony, which is the only way to survival as a nation. . . . Price 8/6

Also available in Afrikaans under the title of "Die Trek is Verby". Price 8/6

TRUE STORIES OF THIS AFRICA OF OURS

By Michael McNeile

This Africa of Ours, the highly successful series of Sunday Evening radio scripts has been converted into story form by Michael McNeile, the author who so successfully presented them over the air. Price 15/-

THE BIRDS OF SOUTH AFRICA

Dr. Austin Roberts

Revised by Dr. McLachlan and R. Liversidge. Illustrated by Norman C. Lighton
now available Price 45/-

CENTRAL NEWS AGENCY LTD.

112 Long Street - CAPE TOWN

MR. M. M. STIRLING

*Citation on the presentation of an illuminated address**

"WITH THE retirement of Mr. Stirling next April a truly remarkable career will come to an end, or rather one should say, a phase of that career, for it is most improbable that Mr. Stirling will keep away for long from some form of library work.

Having come to the Union from Glasgow as a youth in 1906 in search of health, Mr. Stirling served an apprenticeship of some half-dozen years at the Johannesburg Public Library, before becoming Librarian at Germiston. Here the qualities which have characterized him throughout his career soon became apparent. An ardent reader with the most catholic tastes and sympathies, ranging from the profoundest classics to the most intriguing "detectives", he has always been consumed with an urge to bring books to whomsoever might need them. "Give the people light and they will find their own way", he has always been wont to say, and he has devoted his life to spreading the light of books into every possible corner of the country.

Long before there was any organized library movement in the Union Mr. Stirling had begun to move on his own. As early as 1915 he pioneered rural library services by admitting country subscribers to membership of the Germiston Public Library. One can imagine him struggling with pathetically inadequate resources - though always with the warm support of the Municipality - to get supplies of books introduced into the country districts.

Everywhere he began spreading the gospel of a *free* rural library service, actively supported, among others, by Mr. Charles Christie. He received enthusiastic response from the Transvaal Agricultural Union, particularly the Women's Section, which has always been a strong social force. By 1928 he persuaded Mr. J. H. Hofmeyr, then Administrator of the Transvaal, to support his scheme with a token grant, and the Transvaal Farmers' Free Library (later Transvaal Rural Free Library) came into being. It proved a tremendous success, but it placed a heavy burden on Mr. Stirling and his staff,

* Delivered by the President, Miss Elizabeth Hartmann, at the State Library, Pretoria, 1 October, 1957.

who continued to operate the scheme from the Germiston Library.

It was a gallant scheme gallantly conceived without much encouragement. When it finally fructified in the Transvaal Provincial Library Organization Mr. Stirling became a member of the Advisory Library Committee on which he remained until it was re-organized a few years ago.

Not only rural libraries claimed Mr. Stirling's attention. He was an ardent champion of a nationwide system of free libraries and the movement for the conversion of subscription libraries into free rate-supported institutions may be attributed directly to his influence.

In 1918 Mr. Stirling sowed the seed of a central circulating library system for schools. He obtained a grant from the Transvaal Education Department, and inaugurated the service, again under his direction at the Germiston Public Library. This service, too, was later, when its value had been patently demonstrated, absorbed into a provincially administered organization.

But official interest in libraries was slow to develop, and it was Mr. Stirling once more who aroused the sympathetic interest of Dr. Keppel, the President of the Carnegie Corporation of New York, not only in the library situation in the Transvaal but in the library movement throughout the Union. We owe an immense debt to Dr. Keppel. In fact we owe the initiation of our Association to him. And Mr. Stirling was Dr. Keppel's trusted adviser.

It was at Dr. Keppel's suggestion that the Carnegie Commissioners, Mr. Ferguson and Mr. Pitt, visited the Union in 1928. During this visit the historic Bloemfontein Conference was held, which led directly to the formation of the South African Library Association, and the beginning of our organized library movement. Mr. Stirling was appointed by the Carnegie Corporation as Travelling Organizer of Libraries in the Union. In the 1930's there was hardly a librarian in the country who did not know Mr. Stirling. He was everybody's guide, philosopher and friend. Always this

"wee Scotch thistle" had an apt suggestion, born of wide experience and sympathetic understanding, a flow of inimitable humour and a fund of telling maxims, a favourite one of which was: "Let cheerfulness abound with industry." With a word of approval and encouragement he made even the humblest librarians feel that they were doing something worthwhile and spurred them on to forge ahead with the development of their libraries.

Anyone in need of books was Mr. Stirling's concern, and he early turned his thoughts to the non-Europeans. He persuaded the Carnegie Corporation of our great need in this direction, too, and elicited a grant to start non-European services in each of the four Provinces. He became chairman of the Transvaal Carnegie Non-European Library, has been an active promoter of its development ever since, and is still vice-chairman of the reorganized Non-European Library Service, Transvaal.

A logical corollary to the provision of these services was their co-ordination into a national system. Shortly after he was appointed to the post of State Librarian, in 1931, he inaugurated the National Lending Department, available for non-fiction borrowing to any library in the country. Off-shoots of this Department were the now so familiar Inter-Library Loan Service, and the National Union Catalogue which is in process of compilation.

In recognition of all these services the Carnegie Corporation in 1936 awarded to Mr. Stirling its Bronze Medal, an honour of which all his South African colleagues may be justly proud.

When the South African Library Association was formed it was a natural choice for Mr. Stirling to become its organizing secretary, and for twelve years it was a common saying that Mr. Stirling *was* the Association. As Honorary

